RUITERKUNS (C)

Graad 6

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Aan ruiterkuns bekend te stel.
2. Die genot van perdry te laat ervaar.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Die verskillende liggaamsdele van 'n perd uitwys en die korrekte benamings daarvan ken.
2. Kennis dra van die volgende van 'n perd en weet hoekom dit versorging verg.
   - Hoewe.
   - Maanhare en pels.
   - Beddegoed.
   - Stal.
   - Koudlei en roskam.
3. Weet wat 'n perd se eetbehoeftes is (hoeveelhede en hoe dikwels):
   - Water.
   - Hooi.
   - Kragvoer.
4. Kennis dra van moontlike siektes:
   - Bestryding van bosluise en papienete.
   - Koliek.
   - Beenbreuk.
5. Kennis dra van die versorging, gebruik en koste van rygereedskap:
   - Saal, buikgord en stiegrieme.
   - Stang en tuie.
   - Kopskerm.
6. Kennis dra van die ruiter se dragvereistes. Hoed, baadjie, langbroek en stewels
7. Die volgende vaardighede bemeester en prakties uitvoer:
   - Op- en afsaal van die perd.
   - Beheer hê oor die perd.
   - Regte houding hê in die saal.
   - Vir twee kilometer ry.
   - Kan stap, draf en galop.
   - Die perd vir 30 sekondes laat stilstaan.
   - Die perd kan koudlei en roskam.

C AANBIEDING

1. Vereistes 1 tot 6 Vir die kind wat niks van perdry weet nie, sal dit nodig wees om eers deur middel van luister kennis op te doen voordat dit prakties gedoen kan word.
2. Vereiste 7 Die dra van 'n kopskerm, toe skoene en langbroek is noodsaaklik.
3. Evalueringstabel

Beheer	5		Loop	5		Stiebeuels	5	
Galop	5		Saalboom	5		Teuels	5	
Draf	5		Houding	5		Opklim	5	
Hoed	5							